12. Juda in ballingskap

Skryf die korrekte teksvers neer waar dit staan in Esegiël:

1. Toe kyk ek en daar was ’n hand na my toe uitgesteek, en daarin was ’n boekrol.

   _____

2. Mensekind, eet op wat jy vind, eet hierdie rol op, en gaan spreek met die huis van Israel.

   _____

3. En jy, mensekind, neem vir jou ’n baksteen en sit dit voor jou neer, en teken daarop ’n stad, naamlik Jerusalem.

   _____

4. En jy, mensekind, neem vir jou ’n skerp swaard, as skeermes moet jy dit vir jou neem, en laat dit gaan oor jou hoof en oor jou baard.

   _____

5. ’n Derde deel van jou sal aan die pes sterwe en deur hongersnood in jou omkom, en ’n derde deel sal deur die swaard rondom jou val en ’n derde deel sal ek na al die windstreke verstrooi.

   _____

Lees 2 Thessalonicense 1: 9; Psalm 103: 9 - 10; Psalm 34: 20

Bespreek met jou ouers:

1. Straf God vandag nog ongehoorsaamheid? Bespreek

   _____

   _____

2. Is alle teenspoed noodwendig straf van die Here?

   _____

   _____

Leer: Daniël 2: 32 - Sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.

Sing: Psalm 111: 5